



SATI

SOUTH AFRICAN TABLE  
GRAPE INDUSTRY

Tegniese | Technical  
**Bulletin**

VOLUME 3:1

# INHOUD / CONTENTS

	Boodskap van die Uitvoerende Hoof .....	1
	Research & Technical .....	2
	Information.....	11
	Market Development .....	12
	Industry Communication .....	15

**For any enquiries, comments and feedback, please contact:**

**Tarryn Wettergreen:** [tarryn@satgi.co.za](mailto:tarryn@satgi.co.za)

**André van Wyk:** [andre@satgi.co.za](mailto:andre@satgi.co.za)

**Rhomona Gouden:** [rhomona@satgi.co.za](mailto:rhomona@satgi.co.za)



# UIT DIE KANTOOR VAN Willem Bestbier

## KENNIS IS MAG!

Graag bevestig ek my oortuiging dat ons wenvoorspronge in die mark bykans sonder uitsondering tegnologie-gedrewe is. Uiteraard geld die breër definisie van tegnologie hier. Nie alleen word verwys na hardware in die vorm van toerusting, apparaat, aanleg en meganisering nie, maar word baie spesifiek ook tegnologie in die vorm van inligting, intelligensie en kennis ingesluit. So, byvoorbeeld, sal 'n nuwe algoritme vir die oplos van 'n logistieke probleem, en sodoende die meer effektiewe bediening van 'n teikenmark, ook as tegnologie geag word.

SATI is dus verbind tot die ontwikkeling en beskikbaarstelling (oordrag) van tegnologie ten einde die tafeldruifprodusent meer kompetend te maak. Uiteindelik moet daar op die plaas sowel as die pakhuis sukses behaal word om in die mark te wen. Inligting en die gebruik daarvan speel 'n bepalende rol in hierdie kompetende posisie van die produsent en die vermoë om markte takties en kompetend te bedien. Ons as 'n bedryf moet die vermoë ontwikkel om die oorfloed van data te verwerk tot nuttige inligting en dit dan om te skakel na intelligensie, veral mark-intelligensie.

Die 2014/15 pak- en uitvoerseisoen was besonder uitdagend, ten spyte van die ongekende gunstige weer, goeie gehalte en operasionele voorspoed. Alles in ag genome sou 'n mens kon sê dat ons as bedryf die tegnologie van oesvoorbereiding, pluk, pak en versend goed onder die knie het en dat die weer vanjaar ook besonder goed saamgespeel het (nie binne ons beheer nie, maar alleenlik deur guns en genade). Nietemin was dit 'n moeilike seisoen en daar word baie biespiegel oor hoekom ons nie die "olifant om die hoek" kon raaksien nie. Daar word verwys na "Die Perfekte Storm" en hoe 'n leë mark, ons besondere vroeë en redelik groot oes, die Rusland situasie asook etlike ander faktore bygedra het tot periodieke verstoppings, oorvoorsiening en drastiese laer pryse. Kon beter inligting en kennis dit verhoed het?

SATI het beslis 'n verantwoordelikheid in hierdie verband en die beskikbaarstelling van tydige, akkurate en nuttige inligting is een van ons sleutelfunksies. Ons gaan erns maak daarmee om meer en beter inligting beskikbaar te stel en hierdie inligting op 'n interaktiewe wyse te deel met die betrokke rolspelers, veral produsente en uitvoerders. Hierdie is ook 'n vorm van tegnologie-ontwikkeling en -oordrag, en is ook die sleuteldoelwitte van die SATI Tegniese Bulletin. Ons wil seker maak dat daar nie alleen 'n bewustheid bestaan oor die inligtingsprodukte en -dienste wat reeds deur SATI gelewer word nie, maar dat dit inderdaad volgens behoefte uitgebrei en nuttig gebruik word. Hierdie produkte en dienste sluit die volgende in:

- Deur ons vennootskap in Agri Hub word 'n **Daaglikse Verkepingsskedule** tydens die verkepingseisoen op die SATI webblad gepubliseer, wat vertrekkdatum, verwagte aankomdatum, kultivar, volumes en markbestemming aantoon.
- **Innames en Uitvoere** per kultivargroep, per verpakkingsgrootte en per streek word weekliks op die SATI webblad gepubliseer. Uitvoere word ook per teiken markgebied aangedui.
- Pryse op Groothandel Varsprodukte markte in sekere Europese markte, en markte in die Verenigde Koninkryk (VK) en Rusland word weekliks gepubliseer (in die vorm van **Price Tracker**).



Dit is dus belangrik dat ons tegnologie moet vind om verkepingprotokolle na die Verre Ooste meer vrug-vriendelik te kry.

- **Markverslae** vir die VK en Rusland word elke 2 weke op die SATI webblad beskikbaar gestel.
- 'n Webgebaseerde platform is ontwikkel waarop SATI se **Stok-sensus** en kort- en langtermyn **Oesskattings** met verloop van die 2015 kalenderjaar bedryf sal word.
- 'n Omvattende studie is onderneem om Suid-Afrika se huidige en potensiële markte te ontleed, evalueer en prioritiseer. Hierdie studie sal in 'n reeks artikels in die SATI Tegniese Bulletin gepubliseer word (die inleidende artikel verskyn in hierdie uitgawe). Die studie word tans bygewerk met die tegniese inset, ervaring en verwagting van uitvoerders.

Ten einde hierdie en ander relevante inligting tot mark-intelligensie om te skakel, beoog ons om dit met die aanvang van die 2015/16 seisoen op 'n interaktiewe wyse te deel met rolspelers en belanghebbers in die vorm van 'n gereelde **"Table Grape Joint Marketing Forum"**. Indien dit moontlik is om die "olifant om die hoek raak te sien" of die "Perfekte Storm" akkuraat te voorspel, wil ons dit met almal se samewerking graag doen.

Laasgenoemde studie en prioritisering is onontbeerlik in ons poging om bestaande markte te behou en uit te brei, en veral om toegang tot nuwe markte te verkry. Met markte wat toenemend oorbedien en versadig is, is toegang tot nuwe markte van kritieke belang om te verseker dat die vraag na ons gesogte produk deurlopend die aanbod oorskry.

In die vorige Tegniese Bulletin is die voorgenome SATI navorsing, wat ten doel het om die effektiwiteit van 'n sagter protokol te bevestig, bekendgestel. Hierdie navorsing word tans deur Dr. Tony Ware van Agri-Biotech Consultancies in Nelspruit onderneem en ons hoop om in die volgende bulletin daarvoor te kan verslag doen. Ons benodig nuwe wetenskap om die proses vir protokol-hersiening ten opsigte van Spesiale Markte (steri-markte) te ondersteun.

Sukses en groei in die Verre Oosterse markte bly vir ons bedryf 'n strategiese prioriteit. Bykans 80% van ons totale uitvoere gaan steeds na Europa en die Verenigde Koninkryk. Dit stel ons baie bloot aan hierdie tradisionele markgroepering, en veel groter deelname aan markte waar die ekonomiese groei opwindend is en groot bevolkings graag vrugte eet, sal vir ons baie voordelig wees. Dit is dus belangrik dat ons tegnologie moet vind om verkepingprotokolle na die Verre Ooste meer vrug-vriendelik te kry.

Verder verskyn die jongste syfers met betrekking tot die 2014/15 seisoen in hierdie uitgawe, en dit blyk dat die ongewone vroeë oes ook 'n redelike groot oes was as gevolg van uiters goeie weersomstandighede, uitstekende kwaliteit en gevolglik 'n voorspoedige pakseisoen.

Vriendelike groete en mag daar 'n welverdiende blaaskans na die pas afgelede, uitdagende seisoen wees. ■

Willem Bestbier



# VOORSITTERSVERSLAG

## Indrukke na besoek aan Fruit Logistica 2015, VK en Europa

### AGTERGROND

Ek en Willem Bestbier het in Februarie vanjaar Engeland, Rotterdam en Duitsland (Fruit Logistica) besoek. Die doel van die besoek was om onself te vereenselwig met die roete wat ons vrugte loop tot by die verbruiker. Om dit te vereenvoudig, word dit opgedeel tussen supermarkte en die meer "oop" Rotterdamse "traders". Ons wou ook bepaal wat SATI kon doen om die swak pryse wat in die vroeë seisoen gerealiseer het, in die toekoms te verhoed.

### FRUIT LOGISTICA

By Fruit Logistica het ons afsprake met verskeie rolspelers gehad. Ons het ook met ander lande soos Australië, Nieu-Seeland, Peru en Argentinië op 'n paneel ontmoet waar verskeie kwessies soos MRL'e en marktoegang bespreek is. Die groep van die Suidelike Halfronde Industrie organisasies vind groot baat by hulle samewerking. Hulle "onderhandel" gesamentlik met supermarkte oor MRL'e en adviseer mekaar met betrekking tot sekere uitdagings.

Fruit Logistica is 'n ervaring op sy eie. As ek sê die uitstalling is groot, bedoel ek massief: 116 000 m<sup>2</sup> (11.6 hektaar), 2797 stalletjies. Meer as 65 000 besoekers van 137 lande besoek jaarliks die "Vrugte Skou". Die detail waarop uitstallers fokus en die fondse wat spandeer word om potensiële geleenthede te bevorder, is ongelooflik. Modelle word gehuur en daar word die beste kos en drankies bedien. Die mooiste stalletjies word gebou. Sommige lyk soos huise, ander soos koffiewinkels, en elkeen het sy besondere manier om die oog te vang en jou te laat nader staan om te kyk of te gesels.

Terwyl ek daar rondgeloop het en die duisende mense sien besigheid doen en verhoudings bou, het ek baie gedink. Ek het gedink aan waar dit vandaan kom. Waar begin dit?

Ek het besef dit begin op die plaas. Die produsent en sy plaaswerkers wat die vrugte verbou, is die basis; die manne wat elke dag seker maak die besproeiing, kunsmis, en chemie word reg toegedien; die manne wat seker maak elke manipulasie word op die regte tyd gedoen; die manne en vroue wat seker maak ons produseer 'n produk wat op standaard is en bemerkbaar is teenoor ons internasionale kompetisie in die mark.

Die enkele produsent teenwoordig by die skou staan uit soos net 'n boer kan uitstaan tussen die agente en bemerkers met die skerppuntskoene en gladde pakke.

Die skou laat jou besef hoe groot die vrugte-industrie is. Dit is moeilik om in woorde te beskryf.

Suid Afrika laat veel te wense oor as dit by blootstelling kom. Alhoewel ons meer sigbaar is as in die verlede, is ons steeds ligjare verwyder van Peru, Chili, Argentinië en al die ander lande met wie ons in direkte kompetisie is. Ons kan ook nie wag vir regeringsbystand nie, ons sal self moet doen wat ons wil hê. Ek wil 'n paar SA rolspelers krediet gee vir hul uitstallings op Fruit Logistica. Capespan en Dole het stalletjies gehad

en was goed verteenwoordig. Karsten het ook 'n pragtige stalletjie gehad en ons as bedryf kan voorwaar trots wees op wat hulle oor die afgelope jare gedoen het t.o.v. blootstelling en bemerkingskanale. Baie geluk met julle poging by Fruit Logistica!



Die skou laat jou besef hoe groot die vrugte-industrie is. Dit is moeilik om in woorde te beskryf.

### EUROPA

Tydens die Rotterdam besoek het dit my getref hoe blootgestel die produsent in Europa is. As jou produk nie 'n adres op het nie, kan dinge lelik skeef loop. Jy benodig 'n uiters betroubare "retailer" in die EU. Die ironie is dat Europa die vorige twee seisoene baie goeie pryse gehad het. Volgens my rus SA se basis steeds te swaar op EU, en met die probleme in Rusland maak dit ons net meer kwesbaar. Ons as SATI moet daadwerklik nuwe markte oopmaak! Ons wil tog ons bedryf uitbrei, en nuwe markte gaan 'n groter behoefte vir ons volhoubaarheid word.

### VK

Dit is die tradisionele supermark besigheid. Hier kon ons duidelik die invloed van 'n ALDI en LiDL sien en hoor. ALDI veral doen uitstekend in Engeland. Al hoe meer Engelse kopers wat by die Engelse supermarkte gekoop het, begin koop by die Duitse winkels. Vir ons is dit goeie en slegte nuus. Die "Jong Duitsers" behaal die volumes, maar dit forseer die "ouer manne" om meer mededingend te word.

Die streng kanale waarvolgens die meeste Britse supermarkte funksioneer, verseker goeie kwaliteit en beheer oor hulle verskaffers. Wat is die posisie van die produsent? Die produsent moet van die voorgeskrewe kanale gebruik maak t.o.v. prys, hopelik teen 'n premie of meer sekuriteit.

### OM OP TE SOM:

1. SATI as bedryf moet na 'n volgende rat toe oorskakel as dit by nuwe markte kom.
2. Ons as bedryf moet bereid wees om te doen wat ander lande se regerings vir hulle doen.
3. SATI tesame met die uitvoerders moet in die toekoms inligting tot ons beskikking beter kommunikeer om toekomstige prys "free-falls" te voorkom.
4. Die produsent moet ingelig wees oor sy produk. Ek weet dit is nie vir almal moontlik nie, maar jy moet weet wie jou vrugte hanteer en waar dit opeindig. Hoeveel van ons produsente het werklik "beheer" oor hul produk en die roete wat dit volg? Raak betrokke deur die hele kanaal. Die wêreld het klein geraak en met vandag se tegnologie is alles moontlik.

Sterkte aan alle produsente vir die seisoen wat voorlê. Ons sal die rieme dun moet sny om die afgelope seisoen se pryse te trotseer. ■

Michael Laubscher  
ml@hexvallei.co.za

# Naamsverandering van die indringer vrugtevlieg en opdatering oor die status van die plaag in Suid-Afrika

## VAN *B. INVADENS* NA *B. DORSALIS* (OOSTERSE VRUGTEVLIEG)

*Bactrocera invadens* is onlangs gelykgestel aan *Bactrocera dorsalis* op grond van ooreenkomste in morfologiese eienskappe, molekuleêre struktuur en feromoon samestelling asook seksuele verenigbaarheid tussen die twee spesies soos in verskeie navorsingstudies bevind is. *Bactrocera dorsalis* is algemeen bekend as die Oosterse vrugtevlieg. *Bactrocera dorsalis* kom ook voor in verskeie lande in Asië, Hawaii en op sekere eilande in die Stille Oseaan. In hierdie kommunikasie en in die toekoms gaan ons verwys na *Bactrocera dorsalis* (Oosterse vrugtevlieg) in plaas van *Bactrocera invadens*.

## STATUS VAN DIE OOSTERSE VRUGTEVLIEG IN SUID-AFRIKA

Die huidige status van die Oosterse vrugtevlieg (OVV) in die verskillende streke vanaf Februarie 2015 (Fig. 1) is as volg:

**1. Afwesig** – Streke waar OVV as afwesig beskou word op grond van amptelike lokval data:

- I. Gert Sibande distrik munisipaliteit, Mpumalanga Provinsie
- II. Dr Kenneth Kaunda distrik munisipaliteit en Dr Ruth S. Mompati distrik munisipaliteit, Noordwes Provinsie
- III. Amajuba distrik munisipaliteit, uMgungundlovu distrik munisipaliteit, uMzinyathi distrik munisipaliteit, uThukela distrik munisipaliteit en die Zululand distrik munisipaliteit, KwaZulu-Natal Provinsie
- IV. Die stad Johannesburg, Wes Rand, Ekurhuleni en Sedibeng, Gauteng Provinsie
- V. Noord-Kaap Provinsie (pes uitgeroei in volgende distrik munisipaliteite: John Taolo Gaetsewe, Frances Baard en Z.F. Mgcawu)
- VI. Vrystaat, Oos-Kaap en Wes-Kaap Provinsies.

In areas waar OVV afwesig is, moet produsente monitoring toepas en rekords van monitoring hou.

**2. Verbygaande en onderworpe aan uitroeiing** – Areas waar OVV beskou word as verbygaande, vir aksie en onderworpe aan uitroeiing is as volg:

- I. Nkangala distrik munisipaliteit, Mpumalanga Provinsie

In areas waar uitroeiing van OVV deurlopend is, sal amptelike kwarantyn-opdragte deur DAFF aan produsente en grondgebruikers uitgereik word en moet daar aan die voorskrifte van die kwarantyn-opdragte voldoen word, wat monitoring en beheer aksies vir OVV insluit.

**3. Teenwoordig** – Areas waar OVV as teenwoordig beskou word en totale uitroeiing nie meer moontlik is nie.

- I. Limpopo Provinsie:
  - a. Vhembe distrik munisipaliteit: teenwoordig, maar onderworpe aan amptelike beheer maatreëls
  - b. Mopani distrik munisipaliteit: Teenwoordig, maar onderworpe aan amptelike beheer
  - c. Sekhukhune distrik munisipaliteit: Teenwoordig, slegs in sekere areas waar gasheer gewasse verbou word, en onderworpe aan amptelike beheer
  - d. Capricorn distrik munisipaliteit: Teenwoordig, slegs in sekere areas waar gasheer gewasse verbou word, en onderworpe aan amptelike beheer
  - e. Waterberg distrik munisipaliteit: Teenwoordig, slegs in sekere

areas waar gasheer gewasse verbou word, en onderworpe aan amptelike beheer

II. Mpumalanga Provinsie:

- a. Ehlanzeni distrik munisipaliteit: Teenwoordig, maar onderworpe aan amptelike beheer

III. Noordwes Provinsie:


- a. Ngaka Modiri Molema distrik munisipaliteit: Teenwoordig slegs in sekere areas, maar onderworpe aan amptelike beheer
- b. Bojanala Platinum distrik munisipaliteit: Teenwoordig teen 'n lae voorkoms, seisoenaal in sekere areas, en onderworpe aan amptelike beheer

IV. Gauteng Provinsie:

- a. Stad van Tshwane: Seisoenaal teenwoordig in sekere areas, en onderworpe aan amptelike beheer

V. Kwazulu-Natal Provinsie:

- a. Ilembe distrik munisipaliteit: Teenwoordig teen 'n lae voorkoms in sekere areas, en onderworpe aan amptelike beheer
- b. Harry Gwala distrik munisipaliteit: Teenwoordig teen 'n lae voorkoms in sekere areas, en onderworpe aan amptelike beheer
- c. Ugu distrik munisipaliteit: Teenwoordig teen 'n lae voorkoms in sekere areas, en onderworpe aan amptelike beheer
- d. uMkhanyakude distrik munisipaliteit: Teenwoordig slegs in sekere areas, en onderworpe aan amptelike beheer
- e. uThungulu distrik munisipaliteit: Teenwoordig teen 'n lae voorkoms in sekere areas, en onderworpe aan amptelike beheer



Figuur 1: Die huidige status van die Oosterse vrugtevlieg (OVV) in die verskillende streke vanaf Februarie 2015

**In areas waar OVV teenwoordig is, moet produsente:**

- Die plaag bestuur om oesverliese te voorkom.
- Maatreëls tref om te verseker dat vrugte wat vanuit die area beweeg nie met OVV geïnfesteer is nie. Vir die Vhembe distrik munisipaliteit in Limpopo Provinsie is dit volgens R110 van die Landbouplae Wet. Vir ander besmette areas, moet produsente en grondgebruikers wat onder kwarantyn-opdragte van DAFF is, aan die voorskrifte van die opdragte voldoen, wat monitoring en beheer-aksies vir OVV insluit.

**Hoë vangste van OVV is tans (Februarie) aangemeld in 'n aantal areas waar die pes teenwoordig is. Beheer maatreëls vir OVV en ander vrugtevlieg spesies moet in alle kommersiële boorde in plek wees.**





## NOUDAT U BEKEND IS MET U STREEK SE STATUS, MOET U DIE VOLGENDE STAPPE VOLG:

### 1. Status: Afwesig

- Monitor met Methyl Eugenol (ME) en dichlorvos in emmer lokvalle (1 lokval / 100 ha).
- Hou akkurate rekords van lokvalle, diens lokvalle elke tweede week en vervang lokmiddel en insekdoder elke 6-8 weke.
- Hou alle verdagte monsters, plaas dit in 'n houertjie en merk die houertjie duidelik met die PUC / lokval nommer, gasheerplant waarin lokval gehang is & versameldatum.
- Rapporteer verdagte monsters aan die "surveillance" koördineerder. Kontakbesonderhede van die koördineerders is as volg:
  - Sitrus – Aruna Manrakhan: [aruna@cri.co.za](mailto:aruna@cri.co.za), 013 759 8000
  - Sagtevrugte insluitend druiwe – Leslie Brown: [Leslie@fruitgro.co.za](mailto:Leslie@fruitgro.co.za), 082 853 1471
  - Subtropiese vrugte – Wilna Stones: [Wilna@subtrop.co.za](mailto:Wilna@subtrop.co.za), 015 307 3676
  - Klein en nuwe vrugtesoorte - Elrita Venter: [elrita@alternafruit.co.za](mailto:elrita@alternafruit.co.za), 082 346 2577
  - Alle ander vrugte- en groentesoorte – DAFF - Jan Hendrik Venter: [JanHendrikv@daff.gov.za](mailto:JanHendrikv@daff.gov.za), 012 319 6384
- Pas maatreëls toe vir die beheer van ander vrugtevlieë wat teenwoordig is.

### 2. Status: Onder uitroëing/beheer

- Voldoen aan die opdragte wat deur DAFF aan die geaffekteerde plase uitgereik is.
- **Verhoog die digtheid van lokvalle op plase na 3-5 ME lokvalle per 100 ha.**
- Voer alle ander aksies uit soos uiteengesit in "Status: Afwesig" hierbo.
- Boordsanitasie een maal per week.
- Lokmiddel-toediening in boord met weeklikse bespuitings van GF 120 of 'n mengsel van proteïen hidrolisaat en malathion of trichlorfon (daar moet aan voor-oes intervalle vir malathion en trichlorfon vir die verskillende markte voldoen word) of plasing van M3 lokvalle. Lokmiddel-toediening in boorde moet ten minste 2 maande voor die vroegste oesdatums 'n aanvang neem.
- As OVV in lokvalle in boorde gevind word, pas die manlike uitwissingstegniek (MAT<sup>1</sup>) bykomend tot bogenoemde maatreëls toe.
- As vrugte vanuit die kwarantynarea geskuif moet word, doen aansoek om 'n verwyderingspermit volgens die instruksies soos op die opdragte wat deur DAFF uitgereik is. Kontakpersone: Mercia Rossouw. Tel: 012 319 6333/6081. E-pos: [MerciaR@daff.gov.za](mailto:MerciaR@daff.gov.za) of [DebraM@daff.gov.za](mailto:DebraM@daff.gov.za)
- Die sukses van die uitroëing moet deur DAFF na 'n periode van 8 weke, waartydens daar geen lokval-vangste was nie, geverifieër word. DAFF sal dan bevestig dat alle MAT produkte verwyder is. Monitering moet daarna vir 'n verdere 4 weke voortgaan. As daar gedurende die 4-week periode geen verdere lokval-vangste was nie, sal DAFF die uitroëing as suksesvol verklaar.
- DAFF sal, waar moontlik, hulp verleen met die verskaffing van proteïen lokmiddels en MAT produkte, veral vir die beheer in residensiële gebiede naby aan produksie-areas.

### 3. Status: Teenwoordig

- Monitor met ME en dichlorvos in emmer lokvalle (2-4 lokvalle / 100 ha).
- Hou akkurate rekords van lokvalle, diens lokvalle elke tweede week en vervang lokmiddel en insekdoder elke 6-8 weke.
- Boordsanitasie een maal per week.
- Lokmiddel-toediening in boord met weeklikse bespuitings van GF 120 of 'n mengsel van proteïen hidrolisaat en malathion of trichlorfon (daar moet aan voor-oes intervalle vir malathion en trichlorfon vir die verskillende markte voldoen word) of plasing van M3 lokvalle.
- Dien MAT tesame met lokmiddels toe.
- Om vrugte te beweeg vanuit 'n area waar OVV as "Teenwoordig" geklassifiseer is, doen aansoek by DAFF vir 'n verwyderingspermit. Kontakpersone: Mercia Rossouw. Tel: 012 319 6333/6081. E-pos: [MerciaR@daff.gov.za](mailto:MerciaR@daff.gov.za) of [DebraM@daff.gov.za](mailto:DebraM@daff.gov.za)
- As 'n produsent of groep produsente van mening is dat hul 'n gebied van ten minste 5 km radius vry van OVV kan hou, moet hul vir Jan Hendrik Venter (Tel: 012 319 6384; [janhendrikv@daff.gov.za](mailto:janhendrikv@daff.gov.za)) by DAFF kontak sodat daar met 'n proses begin kan word om 'n 'Pevrye Plek van Produksie' te verklaar.

## ANDER BRUIKBARE INLIGTING

### Verskaffers van lokval materiale en MAT produkte:

- River Bioscience (Pty) Ltd: 041 583 3464 / [info@riverbioscience.co.za](mailto:info@riverbioscience.co.za)
- Insect Science (Pty) Ltd: 015 307 1391 / [info@insectscience.co.za](mailto:info@insectscience.co.za)
- Chempac (Pty) Ltd : 021 874 1055 / [info@chemp.co.za](mailto:info@chemp.co.za)
- Dow AgroSciences Southern Africa (Pty) Ltd : 012 361-8112

### Besonderhede wat verskaf moet word wanneer 'n moontlike vangs van 'n OVV monster gerapporteer word in streke waar die plaag afwesig of onder uitroëing/beheer is:

- PUC nommer.
- Lokval nommer / boordnaam of nommer.
- Datum waarop lokval gediens is.
- GPS koördinate van die lokval (indien beskikbaar).
- Gasheerplante / kommoditeit wat die lokval omring.

### Bactrocera invadens aksieplan & Bactrocera invadens "trapping" riglyne

Suid-Afrika se amptelike plan vir die bestuur van OVV en die lokval riglyne is op die volgende webtuistes beskikbaar:

<http://www.citrusres.com/market-access>

<http://www.hortgro.co.za/production-technical-information/technical-information/other/>

<http://www.subtrop.net/>

<http://www.daff.gov.za/>

<http://www.satqi.co.za>

*Dokument is namens die Bactrocera invadens Bestuurskomitee opgestel*

*Medewerkers: Aruna Manrakhan & Vaughan Hattingh (CRI), Derek Donkin, Elsje Kleynhans & Wilna Stones (Subtrop) ■*

<sup>1</sup> In MAT word OVV mannetjies geteiken deur ME te gebruik en met 'n insekdoder gedood wat in die ME ingesluit is. Met hoë vlakke van mannetjies wat gedood word, word die aantal parings, en gevolglik die lewensvatbare nageslag, verminder. 'n Aantal van die mannetjie uitwissingstegnieke, soos veselhoutblokke wat met ME en malathion geïmpregneer is (bv Invader-b-Lok, B.i ToolKit), SPLAT tegnologie wat ME en spinosad bevat soos STATIC Spinosad ME, en jels wat ME en permethrin bevat (bv Last Call B.i) is op 'n noodbasis vir OVV beheer in Suid-Afrika geregistreer.



# Die noodsaaklikheid van goeie wingerd-sanitasie vir doeltreffende vrugtevliegbeheer op tafeldruiwe

Die beginsels van Geïntegreerde Plaagbeheer (GPB) soos gedefinieër deur die Food and Agricultural Organization (FAO) van die Verenigde Nasies, is as volg:

GPB beteken die sorgvuldige oorweging van alle beskikbare plaagbestrydingstegnieke en die integrasie van aangewese beheermaatreëls wat:

- i) die ontwikkeling van plaagpopulasies beheer;
- ii) die gebruik van plaagdoders verminder na vlakke wat ekonomies regverdigbaar is; en
- iii) die risiko vir die gesondheid van mense en diere en skade aan die ekosisteem tot die minimum beperk. GPB benadruk die produksie van gesonde oeste met die minste moontlike versteuring van die ekosisteem en die minimale gebruik van skadelike plaagdoders.

As 'n mens nou kyk na watter aangewese beheermaatreëls daar vir 'n tafeldruiw produsent beskikbaar is om vrugtevlieë volgens die beginsels soos hierbo genoem te beheer, is die volgende maatreëls beskikbaar:

1. Monitering van vrugtevlieë is heel moontlik die belangrikste aspek van enige GPB program. As monitering nie plaasvind nie, is dit uiters moeilik om behoorlike beheer strategieë te beplan en mag dit die beheer van die plaag aansienlik duurder maak as wat nodig is;
2. Gereelde grondspatte, met die regte toerusting teen die regte dosis per ha, met verkieslik 'n organies geregistreerde plaagdoder soos GF-120. Gedurende die winter moet die toediening van lokaas in huis-tuine en bekende "hotspots" twee-weekliks op warm, sonnige dae voortgesit word;
3. 'n Minimum van vier tot ses lugspatte oor 'n produksieseisoen met 'n organies geregistreerde produk soos GF-120 (neem egter kennis dat grond- en lugspatte slegs die volwasse vlieë teiken en dus het dit geen effek op eiers en larwes in die trosse nie). Om die beste populasiebeheer te kry, moet die interval tussen spatte nie langer as twee weke wees nie;
4. Die identifikasie en bestuur van alle nie-kommersiële vrugtevlieggasheerplante soos bv. vrugtebome in huis-tuine sowel as wilde gasheer in die gebied. Indien genoegsame kennis oor die identifikasie en ligging van gasheerplante en die ryppwordingstye van hul vrugte nie beskikbaar is nie, maak dit die bestuur van vrugtevlieg populasies aansienlik moeiliker. Daar is verskeie wilde plantspesies wat nie ooglopend vrugtevlieggasheerplante is nie en wat maklik oorgesien kan word;
5. Die weeklikse loslating van miljoene steriele Medvlieg mannetjies in die teikengebied (tans word dit slegs in sekere areas in die Wes-Kaap gedoen). Die konsep is dat die steriele mannetjies met die wilde wyfies paar, wat dan onvrugbare

eiers lê. Hierdie tegniek (bekend as die Steriele Insek Tegniek) is reeds in verskeie lande met groot sukses gebruik en in sommige gevalle het dit selfs tot uitwissing van die plaag in die streek of land gelei;

6. Sekerlik een van die belangrikste maatreëls wat vir 'n tafeldruiwprodusent beskikbaar is en wat voldoen aan die FAO se beginsels soos hierbo genoem, is wingerd sanitasie. In wingerde is **goeie sanitasie in die periode vanaf na-oes tot lente absoluut essensieël** om te voorkom dat hoë getalle wilde vlieë die winter oorleef. Daarsonder is dit hoogs onwaarskynlik dat enige populasie-beheerprogram suksesvol sal wees. Na-trosse moet so gou moontlik gepluk word nadat die hoofes afgehaal is, want solank daar trosse in die wingerd aangetref word, sal die vrugtevlieg wyfies eenvoudig voortgaan om eiers daarin te lê. Aan die ander kant beteken dit weer dat om die verdere aanwas van vrugtevlieë in verwaarloosde blokke te beheer, daar voortgegaan moet word met die na-oes toediening van geregistreerde plaagdoders. Goeie sanitasie sal ook verhoed dat die getalle van asynvlieg die hoogte inskiet en sodoende sal die voorkoms van suurvrot beperk word;
7. Verder sal goeie na-oes sanitasie ook die aanwas van verskeie ander insekplae en die ontwikkeling van swamme beheer;
8. Navorsing wat in 2002 deur die Universiteit van Stellenbosch gedoen was, het ook bewys dat Mediterreense vrugtevlieë die ontwikkeling van *Botrytis cinerea* verrotting in druiwe kan bevorder in omstandighede wat andersins ongunstig sou wees vir natuurlike *Botrytis* infeksie;
9. Daar is nog 'n faktor wat met wingerd sanitasie verband hou. Tydens navorsing wat 'n paar jaar gelede by die Volcani Navorsingsentrum in Israel gedoen is, is ondersoek ingestel na die potensiaal van die Mediterreense vrugtevlieg om die gevaarlike *E. coli* bakterie vanaf menslike ontlasting na vars vrugte oor te dra. Hul bevinding was dat die Mediterreense vrugtevlieg wel 'n potensiële vektor van menslike patogene na vrugte is. Die implikasie hiervan is dat daar te alle tye mobiele toilette en hande-was fasiliteite vir arbeiders beskikbaar moet wees.

Behalwe vir die feit dat GPB deur die FAO onderskryf en aanbeveel word as deel van die volhoubare produksie van voedsel, het verskeie studies al bewys dat dit insetkoste oor die langtermyn verlaag, veral as dit area-wyd toegepas word. Dit is dus noodsaaklik vir tafeldruiwprodusente om op 'n deurlopende basis die FAO se GPB doelwitte na te streef deur goeie wingerd-sanitasie toe te pas. ■

Nando Baard (Fruit Fly Africa)  
[nando@fruitfly.co.za](mailto:nando@fruitfly.co.za)

Ian Sutherland (Fruit Fly Africa)  
[ian@fruitfly.co.za](mailto:ian@fruitfly.co.za)



# OPPORTUNITY TO INCREASE TABLE GRAPE EXPORTS TO THE U.S., THANKS TO NEW IRRADIATION SYSTEM

Table grape exports to the U.S. have dwindled considerably over the past three to four years due to increasingly severe phytosanitary requirements applied by U.S. authorities. This followed a high rejection rate of pre-clearance inspections. Now, however, there is opportunity for this to change. The U.S. Department of Agriculture (USDA) has approved gamma irradiation as a new phytosanitary mitigation treatment, as it sterilises a wide range of insects, using small doses of radiation that is considered a food-safe treatment and to date has shown no negative side-effects on the arrival quality of exported fruit.

A protocol for the treatment of table grapes was developed by a fruit irradiation action team drawn from members of SATI, Hortgro, Experico PPECB, DAFF and Hepro Cape. The team conducted trials over several years and established criteria for the packing, transport, irradiation, storage and dispatch of grapes destined for the U.S. that meet USDA requirements.

The trials were carried out in an irradiation facility operated by Hepro Cape in Montague Gardens, Cape Town. The facility consists of a massive concrete bunker with 2-metre thick walls surrounding the irradiation chamber (see enclosed impression). At the centre of the chamber is a 6-metre pool which acts as a safe storage area for the rectangular radio-active source. When the source is at the bottom of the pool, it is safe for personnel to enter and load product into the chamber.

After loading, the personnel leave the chamber, the sliding-door is closed, the source is raised out of the pool and irradiation commences. A system of interlocks ensures that it is impossible to enter the chamber while the source is exposed. The gamma rays emitted by the source pass through the product, depositing

energy which sterilises any insects which may be present but does not damage the fruit. The fruit does not and cannot become radioactive. Other irradiated fruits which have been cleared for export to the United States are plums, litchis and persimmons. Irradiation is also used routinely as a quarantine measure for certain imported produce such as honey, garlic and ginger. Inspections carried out in 2011 and 2012 led to the certification of the Hepro Cape Irradiator for phyto-sanitary treatments in late February 2012.


In 2012 a trial shipment of irradiated grapes reached Newark, New Jersey three weeks later in perfect condition. Distribution and sales went smoothly with no consumer resistance. The trial was repeated in March 2013 with the same good results.

The program has suffered setbacks recently as a result of poor prices in the USA, but it is hoped that exporters will see the long-term value of recapturing the U.S. market.

Irradiation is being used as a quarantine measure by a number of countries, including India, Vietnam, Thailand, Malaysia, Mexico, Australia and New Zealand. China is expected to follow soon. Several of these represent possible markets for South African grapes.

Rocco Basson (Hepro)  
[astrauss@worldonline.co.za](mailto:astrauss@worldonline.co.za)

  
**In 2012 a trial shipment of irradiated grapes reached Newark, New Jersey three weeks later in perfect condition. Distribution and sales went smoothly with no consumer resistance.**



Hepro Cape Irradiation Facility





# PCR GRAPEVINE TESTING FOR BACTERIAL BLIGHT, CROWN GALL AND GRAPEVINE LEAFROLL ASSOCIATED VIRUS TYPE 3

Grapevine leafroll disease occurs in all major grape-growing areas worldwide and is one of the most destructive viral diseases of grapevines. At least nine serologically distinct viruses (GLRaV 1-9) are associated with the leafroll disease. Infection with GLRaV viruses adversely affects vine growth, berry yield, fruit colour, and sugar content of grapes and influences plant phenology through delayed bud-break, flowering, and berry maturity. The leafroll disease may cause yield losses of as much as 40% in grapevines. In addition, certain types of graft incompatibility and young vine failure are attributed to infection by these disease agents. Multiple infections are common in vineyards, so more studies are needed to determine the impact of a given GLRaV.

Grapevine leafroll-associated virus 3 (GLRaV-3), the type species for the genus *Ampelovirus*, is regarded as the most important causative agent. The most obvious leafroll symptoms occur in the autumn with leaves developing a strong reddening of the inter-venal region in dark-fruited varieties, chlorosis of the leaf in white varieties, and downward rolling of leaf margins.

SAPO Trust recently did a statistical study of the presence of grapevine leafroll type 3 viruses in the three main table grape producing regions i.e. Orange River, Berg River and Hex River Valley. The overall average percentage of infection of randomly sampled vineyards was 44%.

SAPO Trust Laboratory has test procedures in place for a range of PCR (Polymerase chain reaction) tests for the detection of viruses and

bacteria. SAPO Trust Laboratory upgraded to do PCR tests on organisms quite recently, using standard testing procedures. This technique involves the multiplication of the DNA and also specific primers which are unique to specific organisms. These fractions are then compared to a positive control and identified. The PCR test in general is about 70 times more sensitive than the diagnostic ELISA tests used.

ELISA tests are also sensitive and are used worldwide for diagnostic tests involving large numbers of testing material. The PCR tests are mainly used to test the basic and nucleus plant material.

SAPO Trust Laboratory uses the PCR technique to identify the following pathogens i.e.

1. Grapevine leafroll virus Type 3 (GLRaV3). The Type 3 leafroll virus is the most damaging of all the types. There are PCR tests available for the other types at overseas institutions.
2. Crown gall (*Agrobacterium tumefaciens* and *Agrobacterium vitis*)
3. Bacterial blight (*Xylophilus ampelinus*).

The test samples for GLRaV3 could be sampled from March to August and throughout the year for crown gall and bacterial blight.

The tests are performed at SAPO Trust head office and laboratory on Fleurbaix in Stellenbosch.

**Ferdi van Zyl (SAPO Trust)**

[ferdi@saplant.co.za](mailto:ferdi@saplant.co.za)



SAPO Trust General Laboratory



SAPO Trust PCR laboratory



Crown Gall on grapevine



Vines dying due to Bacterial blight



# SATI'S INVOLVEMENT IN TABLE GRAPE BREEDING

Over the years, SATI has invested substantially to support a local breeding and commercialisation programme. We believe that innovation is key to the future of our industry and the successful development and commercialisation of our own and novel table grape cultivars would provide the much needed competitive edge on the farm and in the market. The programme currently supported by SATI is comprised of table grape breeding and commercialisation. In the previous edition of the SATI Technical Bulletin an article was published which focused on the commercialisation of newly bred cultivars as managed by Culdevco. In this edition, we shift the focus to development of new cultivars by inclusion of an article which explains the breeding processes as currently implemented and managed by the ARC.

Tarryn Wettergreen

## TAFELDRIUFTELING

Op buitelandse vrugtemarkte, waarheen Suid-Afrikaanse tafeldruive uitgevoer word, geniet pitlose druive oorwegend voorkeur by verbruikers. Dit is dus duidelik dat die oogmerke binne die tafeldruif teelprogram hoofsaaklik gemik is op die ontwikkeling van nuwe pitlose kultivars, maar kruisings word ook gemaak om ander behoeftes soos die ontwikkeling van unieke pithoudende en siekteweerstandbiedende kultivars aan te spreek. Eienskappe, benewens pitloosheid en goeie eetkwaliteit, waarvoor spesifieke kruisings gemaak word, is: hoë opbrengs, goeie opbergingsvermoë, egalige korrelgrootte, natuurlike groot korrels, natuurlike goeie kleur en trosse wat nie vas is nie. Hoe “werk” teling, en spesifiek vir pitloosheid?

